CORE
Metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
Provided by Koers (E-Journal)



# Transformasie soos deur Vuur.

Rede gehou deur prof. dr. J. D. du Toit by geleentheid van die Van Riebeeckfees te Potchefstroom, tydens die sitting van die Alg. Sinode van die Geref. Kerk, 30 Jan. 1952).

**INSONDERHEID by die geestelike stryd vind die transformasie soos deur vuur plaas. Dit is 'n sweisvlam van lyde wat die aangesig laat blink.**

**Deur J. D. DU TOIT.**

In sy boek **Sons of Adam** stel dr. S. M. Zwemer in hoofstuk 5 Moses en Simson naas en teenoor mekaar.

Moses daal van Sinai af met twee kliptafels. Daarop staan die Wet van die Here geskrywe. Maar Moses **het nie geweet** dat die vel van sy aangesig blink, omdat die Here met hom gespreek het nie (Ex. 34: 29). Aäron en al die Israeliete daarenteen **het gesien** dat die vel van sy aangesig blink (Ex. 34: 30).

Van Simson egter verhaal die Skrif dat sy vyande, terwyl hy slaap, sy sewe haarvlegsels afgeskeer het. By die ontwaking roep hy dan nog wel uit: „Ek sal vry uitgaan soos die vorige kere en my losruk." Maar, sê die Skrif, hy **het nie geweet** dat die Here van hom gewyk het nie" (Rigt. 16: 20).

Moses **het nie geweet** dat sy aangesig straal nie. Simson **het nie geweet** dat die Here van hom gewyk het nie.

By altwee die ontkenning: nie geweet nie. Maar wat 'n verskil! Hemelse glorie by die een. 'n Aaklige gemis by die ander!

In die wêreld van **die onbewuste** (nie-weet-nie) begin die oorwinning en in die wêreld van die onbewuste vind die neerlaag sy oorsprong.

Daar is by alle mense 'n kamer wat helder verlig is. Dáár word geweet; dáár van die kennisboom geëet.

Daarnaas 'n ander kamer waar die **onbewuste** en die **onderbewuste** hulle intrek geneem het. (Vir my doel is dit nie nodig om 'n onderskeid tussen dié twee te maak nie.)

Tot aan die wending van die 19e en 20ste eeu is aan dié tweede kamer geen of geringe betekenis geheg.

Agter die drumpel daarvan, so is geredeneer, is dit tog maar donker. Dit is daar tewens die rommelkamer.

Ná 1900 het die teëstelling stof en gees meer en meer verdwyn. 'n Ander een het daarvoor in die plek gekom, nl. lewe (enersyds) en bewussyn (andersyds). Vgl. dr. J. H. Bavinck, **Inleiding in de Zielkunde,** bl. 380. En die eerste, die lewe, is nie 'n agterkamer nie maar die vernaamste vertrek.

Ons gaan nou na Moses terug. Dit blyk uit wat van hom verhaal word dat die Skrif die wetenskap vooruit was. Vanweë die luisterryke openbaring wat Moses op Sinai ontvang het, het sy aangesig gestraal met 'n hemelse glans; maar hy self het dit nie geweet nie, hy was daar onbewus van.

Dit was die heilige vuur van God wat op sy aangesig geblink het.

Daar op die berg het hy sy **transformasie** ondergaan.

In verband met die broederstryd in N. Amerika het die digter Whittier geskrywe:

"We wait beneath the furnace-blast
The pangs of transformation."

Insonderheid by die geestelike stryd vind die transformasie soos deur vuur plaas. Dit is 'n sweisvlam van lyde wat die aangesig laat blink.

Nou kom ons tot die allesoorheersende feit in verband met die landing van Van Riebeeck, nl. dat hier in Suid-Afrika die „Christelike Gereformeerde Religie," soos Jansen dit al in 1649 genoem het, oorgeplant is. Ook Van Riebeeck spreek in sy bekende gebed van die „Gereformeerde Christelike Leer."

Maar hierdie Leer besit alleen waarde, omdat dit vierkantig gegrondves is op die geopenbaarde Woord van God.

Dit spreek dus vanseff dat Van Riebeeck die Bybel, algemeen bekend as die Statebybel, aan boord van sy skip gehad het. Die pakket waarin dit opgeberg was, was die kosbaarste wat hier aan wal gebring is.

In verbygaan meld ek nog dat dié Bybel vertaal is op grond van 'n besluit geneem deur die sinode van Dordrecht in 1618-19. Deur die State-generaal is dit uitgegee in 1637; sodat dié Bybel maar 15 jaar oud was toe dit hier aangeland het.

Oor die heerlikheid van die Heilige Skrif kan ek hier nie spreek nie. Ek sou ook maar net kan stamel. Want 'n blik op die Skrif is 'n blik op die oseaan met sy altyd wyer wordende horisonte en daarbo die gewelf van ewige blou.

Vir my doel is dit alleen nodig dat ek aanneem dat ons volk nog in besit is van sy Bybel. Onder ons volk word die Bybel nog gelees en geëer.

Wat sou dan ook van ons geword het as dié magtige hefboom daar nie was om ons uit katastroof op katastroof omhoog te hef nie. Voorwaar, die Bybel het ons gered!

Maar nou is daar ander waardevolle sake wat genoem moet word i.v.m. die Nederlandse okkupasie van die Kaap. Van Riebeeck noem die „Gereformeerde Christelike Leer." Nouwel, hierdie leer vind sy vertolking in die Drie Formuliere van Eenheid.

Dat hulle drie i.v.m. die Skrif genoem word, het nie die bedoeling dat hulle maar enigsins 'n gelykwaardige plek nááš die Skrif waardig gekeur mag word nie. So iets kom nie in my gedagte op nie.

Die openbaring in die Skrif is absoluut uniek. Niks is daarmee enigsins gelykwaardig nie.

Maar nou is daar in die Heilige Skrif ontsaglike dieptes. Vandaar dat God in sy voorsienigheid kanale beskik het waardeur die geheimenisse na ons toe gelei word.

Hierdie drie kanale is die **Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus** en **die Leerreëls teen die Remonstrante**. Aan 'n vlugtige karakterisering van hierdie Geskrifte kan ek my nie waag nie. Selfs daarvoor is hierdie oomblik te vlugtig.

Ek konstateer alleen dat ons Belydenisskrifte in onbekendheid en sodoende in onmin geraak het.

Ek onderstel dat só gaandeweg 'n skeiding tussen **leer** en **lewe** aangebring is. En toe die lewe verwilderd geraak het, het uit sekere religieusgesinde kringe die geroep opgegaan: Gee vir ons weer **die ware lewe!** Maar dat die fondament van die ware lewe in die beginsels van Gods Woord gesoek moet word, en dat dié beginsels vir ons klaar en duidelik in ons Belydenisskrifte geformuleer is,—daar is seker maar min aan gedink.

Soek u geestelike dinamiek, soek dit dan by dié oudvaders. „Aan die vrugte word die boom geken" (Mat. 12: 33). Hier is die manne wat hulle transformasie in die sweisvuur ondergaan het. Helaas dat die vroomheidswaarde van hulle geskrifte gaandeweg nie meer besef is nie!

* * *

Ons begin nou met enkele kort sketse uit die lewe van die manne wat uit die Skrifwaarheid geleef en iets van hulle kostelike Skrifkennis in die Belydenisskrifte aan ons nagelaat het.

Alleereers Calvyn. Ons oudste Belydenisskrif, die Nederlandse Geloofsbelydenis, is 'n vrye navolging van die Galliese Konfessie, wat weer vir 'n groot deel die ontwerp van Calvyn volg. Vóór die uitgawe daarvan, het De Bres, die feitlike opsteller, dit aan verskillende predikante ter goedkeuring gestuur.

Calvyn dan was selfs vir die marteldood gereed. „Die tyd, sê hy, eis dat ons ons geloof, wat ons met die mond of met pen en ink bely, **met ons bloed onderteken.** Dit is die A B C wat Christus aan sy dissipels leer: hulleself te verloën, hulle kruis op te neem en **reguit na die dood te loop.**"

Van Moses het ons verneem dat sy aangesig geblink het. Van Calvyn het die Raad van Genéve hierdie getuienis gegee: „God het hom 'n karakter van groot majesteit ingedruk."

In die kort biografie wat wyle ds. Hamersma en ek geskrywe het, sê ek dit: „Soos die aangesig van Moses en Stefanus geglans het van die Goddelike teenwoordigheid waarin hulle verkeer het, so het God ook sy heerlikheid in die persoon van Calvyn geopenbaar; want hy het soos in die onmiddellike teenwoordigheid van God gelewe, altyd gereed om sy diens en eer te bevorder. . **,Voor die aangesig van God en sy heilige engele wat op ons neersien.'** Dit is die uitdrukking wat ons in sy geskrifte vind sodra sy binneste in beweging kom."

Terwyl die Raad in sy aangesig groot majesteit gesien het, het hy soos Moses dit nie gewaar nie. Van homself getuig hy dan ook: „Al mag die hele wêreld my in die aangesig spuug, ek bekommer my daar nie oor nie." Al het hy dit gesê, tog kon hy ook bely: „Die lig kom slegs van die aangesig van die Here en van sy uitverkorenes."

En nou stel ek aan die woord die opstelller van ons Geloofsbelydenis, eerste van ons drie belydenisskrifte. Dit was die dae toe die martelvure nog gebrand het en die aaklige kerkers vol was van standvastige belyders.

De Bres, die opsteller, skrywe aan sy vrou uit sy gevangenis (slegs enkele sinne kan ek hier aanhaal): „Ek bid u met alle aandrang om u nie buite die maat te ontroer nie, uit vrees om God te beledig. U het immers wel geweet dat toe u met my getrou het, u 'n sterflike eggenoot geneem het wat elke oomblik onseker was van sy lewe . . . As die Here gewil het om ons langer saam te laat lewe, het Hy daarvoor seker die middele gehad."

Hy skrywe verder in hierdie trant: „Al hierdie oorweginge het my hart baie vrolik en opgeruimd gemaak en hulle doen dit nog. Ek bid u, liewe, getroue gesellin, om u saam met my te verheug. Hier is dit nie die plek van ons woning nie, maar in die hemel."

Hy verlang „om in die hemel ontvang te word in die huis van die hemelse Vader, om ons Broeder, Chef, en Saligmaker Jesus Christus te sien, om die seer edele geselskap te sien van patriarge, profete en soveel duisende martelare in wie se geselskap ek hoop om ontvang te word." Hy verwag die kroon van die martelare. „'n Sodanige eer gee God selfs aan sy engele nie. Ek is verheug, my hart is opgewek, in my be-

soekinge ontbreek my niks nie. Ek is vervul met die oorvloed van die rykdom van my God . . . Ek het die Heilige Gees wat my voortdurend besiel . . ."

Ek dink as ons vir 'n oomblik in De Bres se kerker kon ingekyk het, dat ook sy aangesig sou geblink het!

Iets daarvan moes hy wel ervaar het, al het hy dit nie juis gesien nie. Die martelaarsboeke verhaal dat toe sy vonnis geval het en aan hom dit gemeld is, hy gespreek het: „Ek is baie bly daarom en het nooit gedink dat God my so 'n eer sou aandoen nie. **Ek voel dat my aangesig verander.**" (Sitaat ontleen aan dr. A. D. R. Polman, **Onze Nederlandse Geloofsbelydenis,** I bl. 106-108).

* * *

Ons tweede simbool wat hier aangeland het, is die Heidelbergse Kategismus.

By die hoor van dié naam dink menigeen aan 'n konsistoriekamertjie met ongemaklike bankies, onderwyl 'n namiddagson besig is om die plante daarbuite te verskroei. Uit die naaste bloekomboom hoor hy die sonbesie skreeu, en uit die konsistorie kom die eentonige gedreun van kinders wat hulle vrae opsê.

Ons wens dié „kerkjuweel," die „gulde boekie" uit 'n ander hoek te benader. Die opdrag om die leerboek op te stel het van die Keurvors Frederik III van die Paltz uitgegaan.

Hoor wat hy skrywe in 'n brief d.d. 10 Junie 1563. „As ek spreek: Vader, of Onse Vader . . . dan glo en weet ek seker dat ek sy kind is . . . So is ek ook 'n broeder van die Seun van God . . . en also sy mede-erfgenaam van al die geestelike goedere . . . wat Hy verwerf het. Dit kan geen duiwel, hel, wêreld of enige mens my ontneem nie; ek is daar so seker van deur die geloof **asof ek dit in my hand het . . .** Nou mag julle laat aankom duiwel, dood, hel, en wêreld saam met hulle aanhang; ofskoon hulle die tande laat sien, my suur aankyk, woed, raas en pog,—hulle het niks aan my nie so min as aan my Here en Hoof Christus wie se arm lidmaat ek is."

So spreek die vors wat opdrag gegee het dat die Heidelberger opgestel moes word.

Dié opdrag is gegee aan Ursinus en Olevianus. Ursinus het in Wittenberg gestudeer onder leiding van Melanchton en was die vriend van sy leermeester. Die gemoedelike ireniese trek wat die Kategismus deurader, het Ursinus van Melanchton geërf, soos dr. Wielenga in sy Kategismusverklaring opmerk.

Die ander opsteller van die Kategismus, Olevianus, was dissipel van Calvyn, deur hierdie grote in die koninkryk van die hemele geleer

en geïnspireer. So, kan ons sê, het Calvyn en Melanchton mekaar ontmoet in hulle leerlinge!

Hoe die Heidelberger, deur God se besondere voorsienigheid gestuur om hier „die enigste troos in lewe en sterwe" te verkondig, soseer by ons volksgenote as vreemdeling moet verkeer wat net vir die nag oorbly en dan weer verder trek om miskien selfs geen herberg te vind nie, is onbegryplik. Hoe het dit alles dan tog gebeur?...

Die derde leerreël, die Dordtse, is seker die mins-geliefde van al die drie. En dit ondanks die gesalfde taal wat dit deurgaans kenmerk. Luister na hierdie vrome taal as oor die wedergeboorte gehandel word:

„Dit is die wedergeboorte, die vernuwing, nuwe skepping, opwekking uit die dode en lewendmaking waarvan so heerlik in die Skrif gespreek word, wat God sonder ons in ons werk . . . Dit is 'n geheel bowenatuurlike, baie kragtige en tegelyk baie soete wonderbare, verborge en onuitspreeklike werking wat . . . in sy krag nie minder of geringer is as die skepping of die opwekking van die dode nie."

Ten laaste is met die koms van Van Riebeeck nog 'n skat in ons besit gestel. Dit is die Psalmboek in sy ritmiese vertolking as lied van die gemeente. In die beryming van Datheen het ons vaders hulle hart uitgestort.

In hierdie vlugtige halfuur vra ek nou net vir een saak u aandag. Ek wil opkom teen 'n moontlike voorstelling asof Psalms, Gesange (of geestelike liedere) gelykwaardige groothede is. Die Psalms is die liedereboek van al die gelowiges, 'n boek wat ons in die Skrif gegee is. Daarom kan niks daarby haal nie.

Het u al ooit geprobeer om die hele inhoud van die Psalmboek voor u gees te laat verbygaan, die boek met sy hemelhoogtes wat met sy hallelujas reik tot in die hoogste hemele, die boek met sy skriklike dieptes waar die afgrond roep tot die afgrond, die boek met sy vertes, sy oneindige wydtes, sy omspanning van die ganse Bybelinhoud van Genesis tot Openbaring, maar nou dié inhoud as 'n Goddelike kunsstuk gesien?

Wat kan daarnaas gestel word? As sorge ons hart verslind dan gryp ons weer die ou beminde. Daar word die hoof weer hoog bo die golwe uitgestoot, daar is ons stryd volstry en daar word ons vreugde uitgesing.

As ons op onsself aangewys was, sou ons nie **sing** nie, nie eers **spreek** nie, nie eers **stamel** nie; uit enorme ontsag vir die ewige dinge sou ons stomverslae moet swyg, sou ons net kan staar in die blinde verte van die oneindigheid.

Laat God blink! Dit is die eis. Hoe kan dit?

Hier is die verlossing uit ons spanning: Wie Psalmsing gryp na die hoogste, want God is sy sangers-doel. Psalmsing is die hemelvaart van die siel, dit is die hand wat uitgesteek word na die verborge skat van Gods kinders, dit is godsdiens, lewe in hoogste spanning, dit is die brug na die oneindigheid, dit is die durfdaad van die geloof, die arm wat uitgestrek bly bo die stormwaters van die lewe. Maar hierin kulmineer alles: Psalmsing is die aansteek van die wierook waarin ons teëgeur die lieflike reuk van die môre van die ewigheid.

Nou moet ons na Simson terug, 'n antiklimaks! Ja, hy is 'n kragfiguur, maar tegelyk ook een van die mees tragiese figure in Israel se geskiedenis.

Die Filistyne het in sy slaap die lokke, simbool van sy krag, afgeskeer. Toe Delila roep: „Die Filistyne op jou, Simson!" was sy laaste triomfroep: „Ek sal vry uitgaan soos die vorige kere en my losruk!" Helaas, hy het **nie geweet** (sê die Skrif) dat die Here van hom gewyk het nie (Rigt. 16: 20).

Dit is die treurspel van **onbewuste verlore krag.** Hierdie tragiek het Milton geïnspireer om sy „Samson Agonistes" te skrywe.

By wyse van toepassing wil ek nog sê: Aanskou die Afrikaanse volk! Sterk, dapper deur die haarvlegsels wat God laat groei het. Vyande, barbare, gevare het hy triomfantelik die hoof gebied.

Helaas, met metodisme, humanisme, modernisme, moralisme is deur 'n ander Delila gedreig om óns Simson se lokke af te skeer.

Jammer sou dit wees as ons haarlokke, ons geheime, van God gegewe krag, die verlies is. Maar dubbel jammer as ons **nie weet** dat ons krag gewyk het nie.

Maar my woorde wat so jubelend gewaag het van die verbye tye, kan nie nou in mineur eindig nie.

Ek sien 'n poort op die pad waar ons moet gaan. Hoe groot, hoe hoog hy is, kan ek op so 'n afstand nog nie sien of sê nie.

Maar wat ons kan sien van dié glansvertoning, is genoeg om ons te wink uit die verte.

In my jeug het die metodisme getriomfeer oor ons volkslewe, só dat ons onsself amper nie meer geken het nie.

Maar die metodisme was vir ons geen duursame plant nie.

Die Calvinisme het egter nog niks verouder of verander nie.

Dit blyk al uit die ywer waarmee daarvoor geywer word. Ek kan u verseker daar word **gewerk,** daar word met krag gewerk, soos nooit tevore nie.

Ons steek dan ook vanaand ons vaandels op en roep uit:

VOORWAARTS!